# Die Boomhuis Rëels:

**Ouergids vir 2026:**

Baie welkom by die Boomhuis. Hierdie dokument moet noukeurig deurgelees word en bevat al die inligting en beleide van die skool.

**Visie:**

Die Boomhuis is ‘n Christelike gebaseerde kleuterskool. Ons fokus om elke kind tot sy volle potensiaal te ontwikkel op ‘n spelende wyse.

**Toelatingsbeleid:**

- ‘n Skriftelike aansoekvorm moet deur alle ouers voltooi word. Maak asb. seker dat u die reëls verstaan voordat u die vorm teken. Aansoekvorm kan op ons website gekry word www.dieboomhuis.com of kan by die skool afgehaal word.
- Saam met ‘n aansoekvorm moet ‘n afskrif van u kind se geboortesertifikaat asook ‘n afskrif van u kind se inentingsboekie.
- 'n Jaarlikse registrasiefooi van R800 per jaar asook die eerste maand se skoolfooi is betaalbaar met die indiening van ‘n voltooide aansoekvorm. Die registrasiefooi is nie terugbetaalbaar of aftrekbaar van die skoolfonds nie. Die eerste maand se skoolfooi sal wel afgetrek word van die eerste maand se fooie.
- Geen plek kan gehou word indien registrasiefooi asook eerste maand se skoolfooie nie betaal is nie. Indien u besluit om u aansoek te kanseleer is die eerste maand se skoolfooi nie terugbetaalbaar nie.
- Veranderinge: Enige veranderinge in adres-, epos- of telefoonbesonderhede moet asb vir ons so gou as moontlik deurgegee word sodat ons die klaslyste kan opdateer.

**Skoolure**

Ons het twee opsies beskikbaar:

- Halfdag tot 14:00 (middagete ingesluit)
- Voldag tot 17:30

Klastyd is van 9:00 tot 12:00, Maandag tot Vrydag.

- Aflaai tyd is vanaf 07:30.
- Ons werk op ‘n “drop and go” stelsel om te help met parkering en verkeersvloei.

- ‘n Juffrou of assistent sal u kind by die kar kom kry.  Selfde ook in die middae met opteltyd.

**Skool – en openbare vakansiedae**

Ons is op alle openbare vakansiedae gesluit.  Ons is elke skoolvakansie oop, behalwe in Desember/Januarie wanneer ons vir ‘n kort tydperk sluit.  Datums  sal vroegtydig aan u gekommunikeer word.

**Klasgroepe**

Daar sal in ses groepe gewerk word:

- 3maande – 1jaar:  Hasieklas
- 12 tot 18 maande:  Klein vissieklas
- 2 jariges - Vissieklas
- 3 jariges - Goggaklas
- 4 jariges - Voëltjieklas
- Pre-Graad R( 5 jariges)  - Wildediereklas
  Die Pre-Graad R volg 'n program met die oog op skoolvoorbereiding. (ouderdomme is die ouderdom wat hulle daardie jaar raak.)

**Skoolfooie 2026:**

- Mamma en babaklas (1 dag per week):  R800 per maand en R300 registrasiefooi
- Daar is ‘n 4 dag week opsie vir ons jonger maatjies (Dinsdae – Vrydae)
- Pre-Graad R volg 'n 5 dag week.

| | Per maand: Halfdag | Per maand Voldag | Per kwartaal: Halfdag | Per kwartaal: Voldag |
|---|---|---|---|---|
| 4 dag | R 3000 | R 4400 | R 12 000 | R 13 200 |
| 5 dag | R 3200 | R 4600 | R 12 600 | R 18 800 |

- Alle skoolgeld moet betaal word in die 1ste week van die kwartaal/ maand. Vakansies of siekte het geen effek op skoolgeld nie.  Daar sal 'n 10% rente gehef word op rekenings wat na die 5de van elke maand betaal word.
- Skoolgelde is vir 12 maande betaalbaar.
- 4% korting op fooie wat vir die hele jaar eenmalig betaal word.
- Invoices word op die 20ste van elke maand uitgestuur.
- Slegs voldagmaats kry vakansiesorg ingesluit.

**Bankbesonderhede:**

Die Boomhuis NPC

Standard Bank

011 909 471

Verwysing:  Kind se naam en van

Epos asb bewys van betaling na:  cjdowning@outlook.com

**Boomhuisnasorg en program:**

- 12:30 Middagete vir alle maats. (Boomhuis voorsien)
- 12:50 Toiletroetine
- 13:00 – 13:50 "Down time"/slaaptyd (maats wat nie slaap lees rustig boekies of speel net rustig)
- 13:50-14:00 Toiletroetine en pak van tasse
- 14:00 Halfdag maats gaan huistoe
- 14:00-15:00 Stasies en vryspel
- 15:00-15:30 Gesonde happietyd (Boomhuis voorsien)
- 15:30 – 16:30 Stasies en vryspel
- 16:30 – 17:00 Toiletroetine en storie
- 17:00 – 17:30 Vryspel

**Ontbyt:**

- Daar sal pap elke oggend bedien word van 07:30 tot 08:30 by die skool. Indien u kind na 08:30 by skool aankom sal daar ongelukkig nie vir hom/haar pap gegee word nie. Hierdie is ingesluit by die skoolfooie. (pap voorsien is: Oats, mieliepap, wheatbix, Future life)

**Musiekgroepsklasse:**

Daar word weekliks 'n musiekklas aangebied met blootstelling aan basiese musiekkomponente.

**Verslae:**

'n Kort verslag word elke einde van die kwartaal uitgegee.

**Sandput verjaar:**

Die sandput verjaar gewoonlik in Februarie. Hierdie is sommer 'n manier om ons sandspeelgoed aan te vul. Elke maatjie bring 'n geskenkie vir die sandput. (Dit hoef nie nuwe goed te wees nie. Dit kan ou sandspeelgoed wees wat by die huis nie meer gebruik word nie of ou maatkoppies, -potte en -panne.) Ons sing gewoonlik vir die sandput en hou lekker partytjie.

**Skoolfotos:**

Daar word een keer 'n jaar skoolfotos geneem. Daar sal 'n individuele foto asook 'n klasfoto geneem word. Die voorbeelde sal dan huistoe gestuur word en ouers kan dan besluit of hulle die fotos wil bestel of nie. Hierdie is nie verpligtend nie.

**Boomhuisklere:**

Ons bestel een keer 'n jaar hempies, sweetpakbroeke en warm "tops" met die Boomhuis logo op. Hierdie is nie verpligtende nie en ouers kan besluit of hulle dit wil bestel of nie.

- Boomhuissweetpakke is beskikbaar @ R290 volsweetpak of apart broek{R120} en langmoutop {R180}.

**Entrepreneursdag:**

- Elke 2de week het ons Entrepreneursdag.  Elke maatjie kry 'n beurt om die Entrepreneur te wees.  Hy/sy bring dan items (nie duurder as R5-R10) vir elke maatjie in die klas.  Almal "koop" dan 'n item by die entrepreneur van die dag.

**Buitemuurs:**

Die volgende buitemuurs word by die Boomuis aangebied.  Buitemuurs word voor 9 in die oggende of na 12 aangebied sodat dit nie inmeng met klastyd nie.  Hierdie is vir u eie rekening en is nie verpligtend nie. (Slegs vir die ouers wat iets ekstra wil doen.)

**Kidigym: (gimnastiek)**  Linda kom haal hulle by die skool en mamma gaan tel weer op by die saal  Kontak Linda:  0825951255

**Kinderkinetika**: Kontak Marilie 0823364397

**Rugga roots:** Kontak Chris 0718837937

**Netbal Goal Getters:** Kontak Lizani 0823030640

**Cmaths:**  Kontak Margurette 0835389791

Wicket Cricket: Kontak Dylan 0762207477

Little readers:  Kontak Mariki 0823346081

**Ouerbespreking:**

'n Ouer-middag sal geskeduleer word in die 1ste kwartaal waartydens ouers individueel kan kom gesels oor hul kind.  Indien daar iets spesifieks is wat u met 'n onderwyseres wil bespreek is u welkom om gepaste tyd met die onderwyseres te bespreek.

**Skriftelike kennis**:

- Gee asb. een kalendermaand skriftelike kennis indien u kind die skool gaan verlaat.
- November kan nie as kennismaand gegee word of deel uitmaak van die kennisperiode nie.
- Indien die leerder nie vir die komende Januarie ingeskryf gaan word nie, moet die skriftelike kansellasie dus op die laatste teen 1 Oktober ingedien word.
- GEEN uitsondering sal gemaak word nie.

**Tienuur snack:**

- Elke kind bring daagliks 'n kosblikkie en 'n bottel water om te drink saam.
- In die somer 1 bottel koue water.
- Ons wil graag vra dat daar gesonde kosblikke ingepak word om sodoende gesonde eetgewoontes te kweek. (lekkernye en koeldrank slegs Vrydae)

**Skoolsak:**

Elke kind moet ‘n sak hê wat hy/sy self kan hanteer met die volgende in: ‘n ekstra stel klere in ‘n plastieksak.

**Siek:**

- Indien u kind ‘n aansteeklike siekte, bv. Maagvirus, oogontsteking of koors het moet hy/sy by die huis bly.
- Kinders moet 24uur koorsvry, sonder medikasie wees voordat hulle mag terugkom.
- Laat weet ons asb voor 08:30 as u kind nie skool toe gaan kom nie.
- Volgens wet mag geen medikasie by die skool toegedien word nie.

**Speelgoed:**

- Indien die kleuter eie speelgoed skooltoe bring kan dit breek of wegraak, hy/sy neem self hiervoor verantwoordelikheid.
- Ons vra dus dat GEEN speelgoed skooltoe sal kom nie.

**Verjaardagpartytjies:**

- Verjaardagparytjies mag by die skool gehou word.
- Reël asb vroegtyding met u kind se klasjuffrou indien julle ‘n partytjie in die klas wil hou.

**Lys van benodighede:**

Alle skryfbehoeftes is ingesluit by die registrasiefooi.

**Kontakbesonderhede:**

Kontak gerus:

Caryn: 082 926 6793 (cjdowning@outlook.com)